


# Week 2: Galasiërs 2:11-21

**Kyk na die volgende you tube clip.** https://www.youtube.com/watch?v=RhVErIUuLIM

As jy onder water sou kon asemhaal, wat sou jy gedoen het?

**Terug na laasweek**

Gee vinnig vir mekaar die opsomming van die evangelie waarop julle verlede week besluit het.

**Lees: Galasiërs 2:11-21 -** Wat tref jou dadelik as jy hierdie gedeelte lees?

- **Die kernvers van hierdie gedeelte is v 16. Hoe word 'n mens vrygespreek? (lees hierdie vers in The Message)**

  Timothy Keller skryf hieroor:

  *"If we could save ourselves, Christ death is pontless and means nothing;*
  *If we realise we can't save ourselves, Christ death will mean everything to us!"*

  - Wanneer word jy aanvaar deur Christus?

- **In vers 17 skryf Paulus oor sy eie stryd teen sonde. Hy is baie eerlik daaroor.** Beteken vryspraak deur geloof dat ons maar kan aanhou leef soos ons wil en sonde doen soos ons wil? **Gaan lees ook 1 Korintiers 6:12-20 hieroor.** *(In beide gedeeltes tref ons die woorde "Beslis nie!" Paulus is baie ernstig hieroor.)*

- **Die sleutel vir vry word is v 19-20. Wat beteken dit om te sterf?**

  **Tov vry word kan dit prakties die volgende beteken:**

  - **'n Doelbewus kruisiging van sake in my lewe wat dood maak** – wat is daar in jou lewe wat doodmaak, wat jy sal moet kruisig?
  - **Wees baie eerlik oor jou eie lewe (**in v 11-14 konfronteer Paulus vir Petrus met sy foute). Ons moet begin eienaarskap neem vir sake wat nie reg is in ons lewens nie.
  - **Erken dit opreg aan God, jouself en ander (**wat daardeur geraak is, word)
  - **Vra God eerlik en nederig om dit te verwyder.**

  **Eerlikheid open 'n deur vir vergiffenis en vryspraak.** Hoe kan julle as selgroep mekaar hiermee help – om onder water asem te haal...?